UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'n Analise van styl, struktuur en tegniese problematiek in die klaviermusiek van Luigi Dallapiccola (1904-1975)

Mini-verhandeling deur

**Bernardus Johannes (Ben) Schoeman**

ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MMus (Uitvoerende Kuns)**

**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**

**Studieleier: Prof H J Stanford**

**Augustus 2009**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'n Analise van styl, struktuur en tegniese problematiek in die klaviermusiek van Luigi Dallapiccola (1904-1975)

## Inhoudsopgawe


**Hoofstuk 1: Inleiding**

1.1. Persoonlike motivering by die keuse van die onderwerp
1.2. Teoretiese raamwerk – 'n kort uiteensetting van die basiese standpunte wat in hierdie mini-verhandeling bespreek word
1.3. Navorsingsvrae
1.4. Studiedoelwitte
1.5. Navorsingsmetodes
1.6. 'n Oorsig oor die beskikbare literatuur
1.7. Afbakening van die studie

**Hoofstuk 2: 'n Kritiese blik op die stylkenmerke in die onderskeie klavierwerke van Dallapiccola**

2.1. Inleiding: Sleutelgebeure uit die lewe van Dallapiccola en die invloed daarvan op sy werk
2.2. *Musica per tre pianoforti (Inni)* (1935): Invloede van Strawinski, Moessorgski en Debussy
2.3. *Piccolo Concerto per Muriel Couvreux* (1939-1941): 'n Terugblik op die orkestrale pianistiek van die Laat-Romantiek asook die eerste treë in die rigting van twaalftoonkomposisie
2.4. *Sonatina Canonica* (1943): Dallapiccola se navorsing oor vroeëre Italiaanse musiek en die kontrapuntale ontginning van Paganini se melodieë
2.5. *Tre Episodi dal Balletto "Marsia"* (1949): Dodekafonie in simbiose met diatoniek
2.6. *Quaderno Musicale di Annalibera* (1952): Subtiele verwysing na J.S. Bach en A. Schönberg in 'n seriële opset

**Hoofstuk 3: 'n Strukturele en didaktiese analise van Dallapiccola se werke vir solo-klavier**

3.1. *Piccolo Concerto per Muriel Couvreux*
3.2. *Sonatina Canonica*
3.3. *Tre Episodi dal Balletto "Marsia"*
3.4. *Quaderno Musicale di Annalibera*

**Hoofstuk 4: Vertolkingsimplikasies ten opsigte van klavieruitvoering soos afgelei uit die orkes- en orrelweergawes van *Quaderno Musicale di Annalibera***

4.1. 'n Analise van die orrelverwerking van *Quaderno Musicale di Annalibera* en die implikasie van orrelregistrasie as vertolkingsmedium by die uitvoering van die klavierweergawe van die werk

4.2. 'n Evaluering van die orkestrasie in *Variazioni per Orchestra* (1954) en die gevolglike interpretasie van die klavierwerk *Quaderno Musicale di Annalibera* (1952)

**Bronnelys**

**Opsomming/Summary**

# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1. Inleiding tot die studie en persoonlike motivering by die keuse van die onderwerp

Die skrywer van hierdie mini-verhandeling het etlike jare gelede die voorreg gehad om 'n besonderse konsert in die Philharmonie in Berlyn by te woon. Dit was 'n uitvoering deur die Deutsche Symphonie-Orchester Berlin onder leiding van die befaamde Italiaanse dirigent Gianandrea Noseda van een van Luigi Dallapiccola se belangrikste orkeswerke *Due Pezzi per Orchestra* (1946-1947), 'n werk wat in die seriële styl gekomponeer is. Die struktuur en die ritmiese inhoud van die werk dui egter ook op die neoklassieke styl, soos aangetref in die werke van Igor Strawinski asook bepaalde werke van Maurice Ravel. Die eerste beweging is byvoorbeeld 'n *Sarabande* en die tweede beweging 'n *Fanfare e Fuga*.

Dallapiccola is afkomstig uit Istrië in Noord-Italië en later pedagoog aan die Konservatorium in Florence. Hy was die eerste Italiaanse komponis wat van Arnold Schönberg, en sy Oostenrykse tydgenote Alban Berg en Anton Webern, se twaalftoonsisteem (serialisme/dodekafonie) in sy werke gebruik gemaak het (voorwoord tot Kämper 1984).

Tydens hierdie bogenoemde uitvoering was die skrywer verstom oor Dallapiccola se vindingryke toepassing van die seriële sisteem. Nie alleen is daar die teenwoordigheid van 'n sterk tonaliteitsgevoel nie (serialisme is immers Schoenberg se metode om *atonale* musiek te organiseer en te struktureer), maar Dallapiccola se kleurryke orkestrasie in kombinasie met klassieke vormstrukture vestig by die luisteraar 'n uiters bevredigende en samehorige indruk. Die *Due Pezzi per Orchestra* was nie die skrywer se eerste kennismaking met die werk van Dallapiccola nie. Sy *Sonatina Canonica* vir klavier is voorgeskryf in die Voordraerslisensiaatsillabus van die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). Die skrywer het ook tydens musiekteorieklasse in sy finale jaar aan die Universiteit van Pretoria bewus geword van die tonale aspekte in

as the first Italian composer of serial music, his piano compositions reflect the influence of several other styles such as impressionism, atonality and neo-classicism in his early works. Certain biographical events had a significant influence on his work and musicologists such as Kämper, Quattrocchi and Vlad ascribe the sombre character of the piano works to the composer's emotional state due to experiences of repression and isolation during the fascist regime in Italy and the Second World War. Dallapiccola expressed these emotions in his works through a range of sound colours (*ricerche sonore,* as he calls it himself), but also through the combination of diatonic harmony and extreme dissonance and chromaticism. Dallapiccola's respective piano works illustrate his gradual stylistic development from diatonicism towards dodecaphony.

Chapter 2 also discusses Dallapiccola's research on music from earlier centuries, such as the polyphonic vocal works of the Dutch and Flemish composers of the Renaissance (*fiamminghismo*), as well as the seventeenth century operas of Claudio Monteverdi. This research had a strong influence on the neo-classical elements and canonical treatment of themes that appear in all the piano works of Dallapiccola. Furthermore, particularly the Second Viennese School influenced Dallapiccola's final piano work, *Quaderno Musicale di Annalibera,* in as far as he combined polyphonic innovations with a strict twelve tone structure.

The structural content and technical problems that appear in the piano work of Dallapiccola are analysed in chapter 3. Chapter 4 also points out the implications for interpretation in the performance of the piano works that can be inferred from the orchestral and organ versions of the *Quaderno Musicale di Annalibera.* Rudy Shackelford's organ transcription of the *Quaderno Musicale di Annalibera* (1974) and Dallapiccola's orchestration in *Variazioni per Orchestra* (1954) are analysed in this regard.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA